| 7 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 9 AUGUSTUS 2026 SE EREDIENSTE:**

| 09:00 | 09:00 |
|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Theuns Henn | Piet Botha |
| Romeine 10:5-15 | Romeine 10:5-15 |

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube


https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# Deuroffers

## Sondag 9 Augustus




## Sondag 16 Augustus












by ons in die NG Gemeente Kogelberg. Kom maak asseblief 'n draai by die kerkkantoor of gee jou kontakbesonderhede vir een van ons dienswerkers of wyksouderlinge. Ons sal jou graag wil besoek!

*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*met die vriende en familie van*
*oud-lidmaat Marietjie Jansen van Vuuren*
*wat reeds op 18 Julie 2026 oorlede is.*

# KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
| --- | --- |

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Program vir die week 9- 15 Augustus 2026

## Sondag 9 Augustus
*Vrouedag*

## Maandag 10 Augustus

**Openbare Vakansiedag -**
Kerkkantoor gesluit

## Dinsdag 11 Augustus

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep
***11:00*** Gerimed Biduur
***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep
***18:00*** Dissipelskap Reisgenote (Kleinmondkerk)

## Woensdag 12 Augustus

***09:00*** Normaalklas vir Vrouebybelstudie (Kapel)
***17:30*** Dissipelskap Reisgenote (Hangklip)

## Donderdag 13 Augustus

***06:00*** Hangklip Mannegroep
***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)

## Saterdag 15 Augustus

***08:30*** Eko-skoonmaakdag
***17:30*** Mannesangaand (Gereformeerde Kerk Kleinmond)

# Getuienisweek 2026

## "Maak mense My dissipels"
## – ons maak die sprong!

## Sondag 16 Augustus tot Sondag 23 Augustus

*Die enigste tekens van liefde en genade wat baie, baie mense daagliks sien, is dit wat hulle in Christene se optrede raaksien. Dis 'n stukkie van die Bybel wat hulle in ons lewens lees.* – Aanhaling

- Die Getuienisweek begin op Sondag 16 Augustus
  **Eredienste** in Kuierkerk, Kleinmondkerk en Hangklipkerk
  **Gaan maak dissipels hier en verder**
  **08:00**: Ds Kobus van Zyl, Reebokgemeente
  **10:00**: Ds Kobus van Zyl, Reebokgemeente
  **09:00**: Prof. Nelus Niemandt, Wellington

- **Gesprek oor gebed** laatmiddag, Kleinmondkerk
  **Dissipels wat bid**
  **17:30**: Ds Kobus van Zyl, Reebokgemeente

- **Gebedsbyeenkomste** daardie week op Dinsdag 18 Augustus

  Hangklipkerk **09:00**, Kapel in Kleinmond **16:30**
  Rusplekdiens: Woensdag **18:00**
  Onderwerp: **Dissipelmakers bid vir mekaar, dra en bemoedig mekaar**

- **Ontbyt-geleentheid Saterdag 22 Aug,** Tyd-ruimte 07:45 – 12:00

Gesprek oor **Dissipelmakers se betrokkenheid in ons wêreld en ondersteuning aan sendelinge**

Sprekers: Dr. Nico Mostert, Vrystaat-sinode en ds Theuns Henn van Ebenezer Teologiese Seminarium

Om plek te bespreek vir die ontbyt vra ons dat jy asb. jou naam opgee by die die kerkkantoor of Esther Pretorius (0827863100).
Koste: R100 per persoon.

Kogelberg se Getuienis

# Sendelingnood

Een van die sendelinge aan wie ons gemeente verbind is, Yolandé Korkie, het 'n groot nood. Sy het die organisasie Crisis Response Network (CRN) geskep om die nood van mense wat 'n krisis ervaar, te verlig. Dit gee ook geleenthede om die Here Jesus se liefde met sulke mense te deel.


Dié werk vra ondersteuning van omgee-mense en ook ratse samewerking met ander organisasies in die omgewing van die krisis.

Die werk vra dus ook goeie benutting van die internet en die CRN webwerf.

Tans het CRN nie iemand wat die webwerf kan versorg nie. Hulle het 'n "webmaster" baie nodig. Maar die groter nood is dat hulle nie geld het om vir so iemand 'n salaris te betaal nie. Hulle soek dus 'n vrywilliger met dié soort kundigheid en ervaring wat hulle met 'n gesindheid van Christelike hiermee kan help.

Enige vrywilliger kan vir
Esther Pretorius (selnr 0827863100) bel.

Ons vra ook ons gemeente se
voorbidding vir dié saak.




Ons Gebedsgroepe
doen elke Dinsdag voorbidding vir die gemeente en gemeenskap
Hangklip om 09:00
Gerimed om 11:00
Kleinmond om 16:30


Normaalklas vir Vrouebybelstudie
Woensdag 12 Augustus om 09:00 in die Kapel


Dissipelskap Reisgenote
Dinsdag
18:30 - 20:00 @ Kleinmondkerk
Woensdag
16:30 - 17:30 @ Hangklipkerk


Kogelberg Mannegroepe
Donderdae
06:00 @ Hangklipkerk
06:30 @ Kleinmondkerk



Kleinmond Wyksraad
Herstrukturering van die Wyksraad
Ons versoek die gemeente om voorbidding te doen vir leiding en seën gedurende die herstrukturering van die Kleinmond Wyksraad. Ons glo dat die Heilige Gees die ouderlinge en dienswerkers sal lei en die geroepenes sal bemagtig om met vertroue te dien.




# Sondag 9 Augustus



# Erediienstye 2026



Kuierkerk @ 08:00 | Hangklipkerk @ 09:00 | Kleinmondkerk @ 10:00

In die Kleinmondstreek sal daar gedurende **skoolvakansies en langnaweke** slegs een **erediens om 09:00** in die **Kleinmondkerk** wees.



## VGK Kleinmond Fondsinsamelingsprojek

**KOOP 'N LOOTJIE @R50 EN STAAN 'N KANS OM TE WEN:**

1ste prys – 'n Halwe Lam
2de prys – 'n Halwe Lam
3de prys – 10kg Varktjops
4de prys – 'n Boks bevrore hoender



Beskikbaar by die Kerkkantoor.



# Koffiebottels

Ons benodig **skoon leë koffiebottels met deksels** vir die Kleinmond Sopkombuis.
Jy kan dit by die **kerksaal** aflaai.

# SKOONMAAK AKSIE

## 15 AUGUSTUS OM 8:30 - 10:00



- Waar: Veld gedeelte oorkant die watersloot naby die oorlaaistasie.
- Bymekaarkomplek: Ons ontmoet mekaar op die hoek van DF Malherbe en die R44.
- Onthou: Sakke, handskoene en steekpenne word verskaf. Bring waterskoene as julle het.
- Hoop om almal daar te sien!

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here

ENIGE VRAE?
KONTAK: CARLO VAN RENSBURG 0828408148

# MANNESANGAAND

**Gewyde samesang met orrel- en trompetbegeleiding vir mans oud en jonk!**

"Word vervul deur die Gees, terwyl julle onder mekaar psalms, lofgesange en geestelike liedere laat opklink, ja, van harte tot die Here sing en psalmsing, en God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus dank."

*Efésiërs 5 : 19-20*

**Saterdag 15 Augustus begin om 17:30**
**Gereformeerde Kerk Kleinmond**
**13de Laan 72, Kleinmond**
**Toegang is gratis**
**Koffie & Tee**



# Veels geluk!

## Saterdag 8 Augustus

JP Duvenage 082 861 0616 (Ba1b)
Cassie Steenkamp 082 882 4954 (Sa2)
Chris Wolfaardt 071 763 7292 (PM3)

## Sondag 9 Augustus

Theresa Bornman 081 015 3263 (BB6)
Ben Hechter 082 335 8989 (BB1c)
Debbie Ludick (PM1)
Cameron Mather (PB2a)

## Maandag 10 Augustus

Leanda Miessner 082 862 7388 (HK3)
Rita Stoltz 082 835 8884 (Bb 1)

## Dinsdag 11 Augustus

Gustave Erlank 082 451 4055 (PM5)
Jeanette Fischer 083565 8407 (KP1)
Ida Foord 082 324 7857 (KB4)
Marita Fourie (BB4)
Liza Groenewald 082 834 2128 (Ba2)
Janttjie Kotze (BB3)
Botha Maree 081 769 4731 (Ba1a)
Liz Meiring 083 506 3351 (BB3)

## Woensdag 12 Augustus


Freda Botha 082 480 3488 (KB5)
Paul Stefanus Marais (KB1)
Nellie Snyman 082 855 2408 (KB2)
Vic Van Zyl 079 724 6553 (BB1b)

## Donderdag 13 Augustus

Ria Botha 083 305 8147 (BB3)
Elizabeth Cruywagen (Sb3)
Margaret Nieuwoudt 084 295 0878 (Sa1)
Wessel Odendaal 071 460 1856 (HK1)
Gertha van Heerden 072 435 6821 (PM5)

## Vrydag 14 Augustus

Ansie Bezuidenhout 063 740 7725 (Sa1)
Yvonne De Vaal 072 607 0851 (KB4)
Estian Odendaal (Sa3)
Kirk Oelofse 082 419 4197 (Sc2)
Linette Perold 083 677 3992 (BB5)
Pietie Roux 081 363 7826 (Ba2)




## Die mediese voordele van deernis en vriendelikheid

Dade van deernis en steun verlaag onder meer nadelige kortisolvlakke en lei tot verhoogde rustigheid, sê 'n medikus.

Deernis en vriendelikheid word dikwels as mooi, maar ietwat sagte waardes beskou. Volgens dr. Neil Skolnik toon navorsing egter dat dit nie net ander mense bevoordeel nie. Dit kan ook ’n meetbare invloed hê op die liggaam en emosionele welstand van die persoon wat goed doen.

Een van die belangrikste bevindings is dat vriendelike optrede met laer vlakke van kortisol verband hou. Kortisol is ’n hormoon wat tydens spanning afgeskei word. Wanneer spanning lank voortduur, kan dit ’n nadelige uitwerking op die liggaam hê. Dade van goedhartigheid kan moontlik ook sekere merkers van inflammasie verbeter.

In een studie is deelnemers gevra om drie vriendelike dade per week te verrig. Hulle het daarna minder angs en ’n sterker gevoel van eiewaarde ervaar. In ’n ander studie het deelnemers ’n geskenk aan iemand gegee voordat hulle doelbewus aan ’n stresvolle situasie blootgestel is. Hulle hartklop en bloeddruk het daarna vinniger na normale vlakke teruggekeer as dié van deelnemers wat nie vooraf iets gegee het nie.

Wat sit dus agter deernis? Dit begin by die vermoë om ’n ander mens se behoefte, pyn of kwesbaarheid raak te sien. Maar deernis bly nie net by ’n gevoel nie. Dit beweeg ’n mens tot optrede: om te luister, tyd af te staan, iets te gee, iemand te ondersteun of bloot met respek en sagtheid op te tree.

Sulke optrede verander ook iets in die gewer. Dit verskuif die aandag weg van die eie spanning, versterk ’n gevoel van verbondenheid en herinner ons dat ons iets betekenisvols vir ’n ander kan doen.

Deernis is daarom nie swakheid of blote sentimentaliteit nie. Dit is ’n lewenshouding wat verhoudings versterk en moontlik ook ons liggame help om spanning beter te hanteer. Ons het dus goeie menslike én wetenskaplike redes om vriendelik te wees — terwyl daar nog tyd is.

*Artikel uit Grens.Pos van 7 Augustus 2026 (die Sinodale Nuusbrief van die Oos-Kaap)*